

2 Augustus

Matteus 13:44-52

Die oue óf die nuwe - wat moet ek kies?

Daar is mense wat alleen maar wil glo en vashou aan die ou dinge. Daar is ook mense wat dieselfde doen ten opsigte van die nuwe dinge. Hulle is teen die oue gekant net omdat dit oud is óf vir die nuwe net omdat dit nuut is. Die Bybel wys albei hierdie standpunte af. Die Bybel werk in hierdie verband nie met die woordjie "of" nie, maar wél met die woordjie "en". Dit bied ons nie die keuse van óf die oue óf die nuwe nie. Dit gee ons veeleer die opdrag: én die oue én die nuwe handhaaf. As gelowiges word ons geroep om van die skat of voorraad wat ons van God ontvang het uit te deel aan andere (vgl. vers 52). Maar dan só dat ek nie net my ou voorraad uitdeel nie. Ek moet my voorraad gedurig aanvul. Ook hierdie nuwe voorraad moet ek uitdeel en deurgee. By die oue moet dus altyd die nuwe kom. Want bykans elke geslag lewe onder nuwe omstandighede. Elke tydvak bring nuwe behoeftes na vore. Nuwe ontdekkings word gemaak en nuwe kennis word ontgin. Christus se koms en prediking op aarde staan óók in die teken van oud en nuut. Hy kom met die Tien Gebooie, die ou wet, maar gee daaraan 'n nuwe verklaring. Hy preek die ou profesieë, maar dan só dat dit 'n nuwe vervulling vind. Met ou beelde beskryf hy nuwe dinge.

Vra dus na die ou dinge om jou koers te bepaal, maar voeg ook die nuwe daarby om jou bestemming te bereik.

Sing: Psalm 33:2

Dr. A.N. Helberg (Colesberg/Philipstown)